

# Onse Liewe Vrou van Fatima

## 13 Mei

In die oorlogsjaar 1917 toe die wêreld in ’n diepe stryd verkeer het, het daar buitekant die dorpie Fatima in Portugal iets merkwaardigs gebeur. Vanaf 13 Mei tot 13 Oktober het die Maagd Maria aan drie kinders, Lucia, Jacinta en Francisco, verskyn. Hulle was armoedige skaapwagtertjies en aanvanklik is dit wat hulle beleef en waarvan hulle vertel het met groot skeptisisme ontvang. Maria het haarself aan die kinders openbaar as Onse Liewe Vrou van die Rosekrans en hulle gevra om daagliks die Rosekrans te bid vir vrede en ’n einde aan die oorlog. Daarna het mense begin om die kinders te volg na die Cova da Iria, die veld waar die verskynings plaasgevind het. Op 13 Oktober was daar ’n skare van duisende teenwoordig toe ‘die wonderwerk van die son’ plaasgevind het en voor die oë van die stomgeslane menigte in die lug ‘gedans’ het. Die anti-Kerklike Portugese regering het probeer verhoed dat die plek in ’n bedevaartsoord ontwikkel maar alreeds in 1920 is ’n Maria-beeld in ’n kapelletjie daar opgesit en in 1924 is die Heilige Mis vir die eerste keer daar gevier. Beide Francisco en Jacinta sterf tydens die Groot Griep pandemie van 1919-1920. Lucia het ingetree by die Susters van die heilige Dorothea en later in 1947 by die Karmeliete in Coimbra waar sy in 2005 oorlede is. In 1930 het die Kerk die verskynings amptelik erken en is daar voortgegaan met die oprigting van ’n groot basiliek. Vandag bly Fatima een van die grootste pelgrimsoorde in die wêreld en miljoene mense het al na dié plek gekom waar die Maagd Maria die wêreld tot gebed, berou en bekering opgeroep het.

© Die Oratorium Uitgewery